# SWART GROEP WEIER SAMEWERKING

JOHANNESBURG.—Die ekstremistiese „Africanist"-groep van die African National Congress het hom hier as onafhanklike groep gestig onder die banier „Africa for the Africans".

Sowat 250 afgevaardigdes woon die stigtingskonferensie in Orlando by. Telegramme van goeie wense is ontvang van die persident van die Republiek Guinee en van dr. Kwame Nkrumah.

Die groep is gekant teen samewerking met die blankes of ander rasse in die stryd om onafhanklikheid.

Eerw. W. Dimba het die verrigtinge met 'n gebed geopen en gesê „Jesus Christus en Sy moeder het na Afrika gekom om hier gered te word. Ons het Hom gered van daardie skurke in Europa wat Hom wou doodmaak".

Robert Sobukwe, lektor in Bantoetale aan die Universiteit van die Witwatersrand, het 'n aanval op die Unie gedoen weens die „Fascistiese tirannie". Hy het gesê die groep sal nòg die Weste nòg die Ooste steun.

Die konferensie is gister agter geslote deure voortgesit.—(Sapa.)

Robert Sobukwe Papers

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2010**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

***DOCUMENT DETAILS:***

*Document ID:-* **A2618-Cp2-3-1**
*Document Title:-* **Die Burger: Swart goep weier samewerking (Translation: Black group refuses to co-operate/work together/work in partnership)**
*Author:-* **Die Burger**
*Document Date:-* **6 April 1959**